education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## MEMORANDUM (TEORIE)

## MODEL 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**ONTWERP MODEL 2008**
**Graad 12 - Nasienriglyne**

**VRAAG 1 (20 punte)**

**AS1: Maak waardebeoordelings wat deur 'n duidelike begrip van ontwerp ingelig is.**
**AS2: Begryp ontwerpteorie en gebruik ontwerpterminologie op korrekte wyse.**

1.1 Nasienriglyne [10 punte]

1.1.1 Leerders sal verskillende standpunte in hierdie vraag bied. Menings moet op toepaslike ontwerptaal gebaseer wees. Krediet moet aan enige geldige en redelike antwoord gegee word.

Voorbeeld:

Die ontwerp is suksesvol want:

- Dit maak 'n sterk stelling met kontrasterende swart en wit kralestringe.
- Dit toon 'n gesofistikeerde vlak van vakmanskap (beheer van die tegniek).
- Dit toon 'n samesmelting van tradisionele kennissisteme met 'n Westerse ontwerpestetika.

Enige 2 punte. 2

Die volgende kan in die analise ingesluit word: (Enige 5 ontwerpbeginsels en/of ontwerpelemente 5

- o Bespreking van vorm/fatsoen ('n element). Die 3-D-fatsoen is 'n vet kralesilinder wat gekurf is om die 2-D-fatsoen te vorm wat 'n ovaal is wat die nek omraam.
- o Bespreking van skakering/tint ('n element). Daar is 'n kontras (beginsel) van skakering – maksimum kontras (*donker & lig)* van skakering is baie treffend, gee klem aan gesig van die draer.
- o Bespreking van lyn ('n element) – die wit *lyne* (kralestringe) is gekontrasteer (beginsel) met 'n teenoorgestelde swart bal krale (*'n kol – 'n element*). Kontras tussen lineêre elemente (elemente) – 'n dik lyn word daargestel deur die gekoorde silinder om die nek en dun lyne deur die gedraaide en breekbare enkelstring wat daarvan afhang.
- o Die swart stringe en wit balletjies word *herhaal* ('n beginsel) dwarsdeur die ontwerp. Dit verskaf *eenheid* van ontwerp – *integrasie (Herhaling & eenheid*)(almal bginsels)
- o Bespreking van kleur ('n element) – swart (*alle* kleurgolflengtes geabsorbeer) en wit (alle kleurgolflengtes gereflekteer) – daarom maksimum kontras – ‘alles of niks’. Gebruik achromatiese kleur – slegs swart en wit.

DIE FINALE ONTWERP-EKSAMEN SAL 'N KLEURBYLAE INSLUIT.

- o Kontras (beginsel) tussen soliditeit en deursigtigheid – die swart krale word aan die bokant opgehoop as 'n solide swart silinder. Die meer breekbare stringe van enkel krale hang los na onder om 'n gevoel van deursigtigheid te skep.
- o Bespreking van tekstuur ('n element) – fisiese ('werklike') tekstuur word geskep deur die uniforme grootte van die klein (saad-) kraletjies, d.i. 'n hobbelrige tekstuur.
- o Krediteer enige waarnemings wat aan enige van vyf ontwerpbeginsels en/of ontwerpelemente verwant is.

MIDDEL (toepassing) & HOëR (analise)

1.1.3 Prototipe is die gebruik van vereenvoudigde en onvolledige modelvoorbeelde van 'n ontwerp om idees te ondersoek. benodigdhede uit te brei, spesifikasies te verfyn en om funksionaliteit te toets.
Die papiermodel funksioneer as 'n prototipe in sommige opsigte aangesien dit idees en visuele elemente bevat. Dit verskaf 'n sigbare oplossing aan die klant wat meer volledig en tasbaar is as 'n tekening. Dit is gewoonlik van goedkoop materiaal gemaak (bv. papier). Dit kan ook 'n 'maquette' genoem word (bv. in poppespele). Prototipering is een van die Universele Beginsels van Otwerp. (sien LPG)
Die kandidaatkan sy/haar eie woorde gebruik. Ken 3 punte toe.
HOëR (Afleiding) 3
(10)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laerorde | Waarneming<br>Visuele begrip | 30% | 1.1.1 | 3 |
| Middel orde | Toepassing van elemente | 50% | 1.1.2 | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20% | 1.1.2 | 3 |

1.2 <u>Nasienriglyne</u>
Ikonografie:
Die gekurfde organiese lyne van die gebou is soortgelyk aan dit wat by 'n boot of vis gevind sal word. Die detail van die oppervlak wys skubagtige teëlwerk wat jou aan 'n vis herinner. Die gekurfde vinagtige lyne van die dak herinner jou aan die seil van 'n boot of die vin van 'n vis. Daar kan ook na die golfagtige vorms van water verwys word.

Formele analise:
Gehry gebruik die kontras van kromlynige organiese fatsoene/vorms teen blokagtige reglynige vorms. Dit is sowel botsend as onharmonieus, maar die verskeidenheid wek belangstelling en boei die aanskouer. Dit si in lyn met die funksie daarvan as die kunsmuseum – om belangstelling en bespreking te wek. Hierdie kontras word ook deurgetrek na die gebruik van skakering/tint war die organiese vorms donker en die reglynige vorms lig is. Die negatiewe vorms van die ruimtes tussen die soliede positiewe vorms is kompleks en anders as die Modernistiese gebruik van oop, skoon geometriese ruimtes. Die lyne van die gebou is ekspressief (skep beweging) and kalligrafies (detail) en lei die oog van die aanskouer om en oor die argitektoniese vorms.
'n Paar van die moontlike afleidings wat van die visuele en tekstuele/tasbare leidrade gemaak kan word is:

- gebruik hoëteg-, sterk, nie-korrosiewe materiaal (bv. titanium)(gegee) – kan met bootbou gekoppel word.
- gebruik staalraamwerkstruktuur met metaalbedekking aangsien dit lig, buigbaar en maklik om te konstrueer is – kan met bootbou gekoppel word.

Krediteer enige ander waarnemings. Ken 10 punte toe.

Formele Opsomming (meer as 10 punte):-

- o Skakering/Tint – donker – lig ('n element) (2) MIDDEL
- o Vorms/Fatsoene (positief) (negatief)(kromlynig)(reglynig) (elemente)(2) MIDDEL
- o Materiale (2) HOëR
- o Kontras (1) ('n beginsel) MIDDEL
- o Strukturele vorm – raamstruktuur ('n element) (2) HOëR
- o Lyn ('n element) (2) MIDDEL

(10)

| V1.1<br>VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming<br>Visuele begrip | 30% | | 3 |
| Middel orde | Toepassing van elemente | 50% | | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering<br>Afleiding | 20% | | 2 |

**VRAAG 1 TOTAAL: [20 punte]**

**VRAAG 2 (10 punte)**

**AS3:** **Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van die produkte, beelde, tekens en simbole in ontwerp gebruik om duidelike en versteekte boodskappe wat stereotipes, vooroordele in die verlede en tans versterk of teenstaan.**

**AS2:** **Begryp ontwerpteorie en gebruik ontwerpteminilogie op korrekte wyse.**

2.1.1 A: jong vroue of tienermeisies
B: jong professionele mans
2 punte
Die keuse van die beeld is baie belangrik vir die teikenmark. Die beeld van die jong vrou/meisie en die gebruik van die lint kan tienermeisies aanspoor wat die LG-produk wil koop. Die gesofistikeerde jong professionele man in die ander advertensie sal aanklank vind by mense wat 'n professionele, sakebeeld wil oordra deur gebruik van die Nokia-foon.
Neem kennis van die klerekeuse van die twee modelle.

- Mooi, vroulike rok geassosieer met pret = A
- Ernstige, potloodstrepiepak geassosieer met sak/besigheid = B 4

Ken nog 2 punte toe.

2.1.2 Leerders moet in staat wees om die bestaan van stereotipes te identifiseer en bespreek hoe stereotipes deur die foonontwerpe uitgedaag of versterk word.
Voorbeeld:
Advertensie A neem aan dat 'n vroulike lighartige jong vrou hierdie foon sou wou gebruik. Dit is glad en sjiek.
Advertensie B impliseer dat die produk slegs met jong, manlike sakegeoriënteerde individue geassosieer word.

Let wel dat beide produkte jeug beklemtoon. Dit diskrimineer teen die ouer verbruiker, OF dit suggereer dat die gebruik van hierdie produkte die ouer koper se jeugdigheid sou aksentueer.
Deur hierdie teikenmarkte op so wyse te onderskei, onderskryf/stem saam met die adverteerders die stereotipe, bv. alle jong vroue is dieselfde en alle professionele mense is manlik. Dit laat geen ruimte vir jong professionele vroue of ouer vroue nie. 2

(6)

Ken 2 punte toe.

2.2 Leeder moet identifiseer of simbole C en D inklusief is of nie en hoe hierdie simbole stereotipes en vooroordele versterk of teenstaan. Elke simbool moet teen die bostaande standpunt geëvalueer word en 'n bespreking van die betrokke vraaglyn moet ondersoek word. Leerders moet krediet kry vir die verskaffing van 'n goed geargumenteerde standpunt oor die bestan van stereotipes en vooroordele.

Voorbeeld: Simbool C versterk geslagverdeling deur die lyn gebruik om die geslagte te skei. Of daar kon rasseimplikasies wees indien die beeld omgekeer word na swart op wit. Simbool C faal ook daarin om mense met 'n gebrek in te sluit. Nog 'n rolstoel-teken moet gebruik word.

Simbool D faal om die eetgewoontes van verskillende kulture te erken. (4)

Ken 4 punte toe. **[10]**

**VRAAG 2 TOTAAL**

| **V1.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGSTOEKENNING %** | **VRAAG** | **PUNTE** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming /Herroep Begrip | 30 | 2.1.1 | 4 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 2.1.2 + deel van 2.2 | 2 + 2 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering/ Afleiding | 20 | 2.2 | 2 |

**VRAAG 3 (20 punte)**

**AS4: Ondersoek, dink na oor en interpreteer inligting uit 'n verskeidenheid bronne wat globale invloede wat die ontwikkeling van ontwerp vorm, toon.**

3.1 3.1.1

| 'n Beker by die Zsolnay fabriek gemaak | Carrol Boyes bierbeker |
|---|---|
| • Ontwerper anoniem.<br>• Menslike figuur is baie realisties.<br>• Funksionele voorwerp.<br>• Handvatsel lyk ongemaklik.<br>• Keramiek/breekbaar<br>• Minder duursaam.<br>of enige ander relevante punt. | • Ontwerper is Carrol Boyes.<br>• Menslike figuur is baie gestileerd.<br>• Funksionele voorwerp.<br>• Handvatsel lyk ongemaklik.<br>• Piouter/permanent.<br>• Duursaam.<br>of enige ander relevante punt |

4

3.1.2 Die term ‘vorm volg funksie’ word gedefinieer deur voorwerpe wat 'n eenvoudige fatsoen het, sonder enige versiering. Aanvanklik was dit goedkoop en het doel gedien sonder om aandag te trek. Ontwerpers het dit beprekend gevind en beslut om duur materiaal te gebruik om hulle werk aantreklik te laat lyk. Beide hierdie voorwerpe, behalwe dat dit funksioneel is, is ook baie dekoratief , duur en trek aandag. Alhoewel dit esteties mooi is, gee dit ook die indruk dat dit moeilik is om vas te hou.
A is dekoratief en gedetailleerd en voldoen nie aan die beginsel vorm volg funksie nie. B is eenvoudig en verleng en is meer funksioneel as dekoratief. Die arms in 'n terugwaartse uitreikende posisie skep die handvatsel. Dit is gestileerd en glad. 4
Of enige relevanteantwoord.

3.1.3 Die moderne samelewing het 'n obsessie met handelsname en die welgestelde samelewing sal produkte koop na aanleiding van die naam van die ontwerper omdat hulle glo dat hulle kwaliteit/gehalte koop. Verskillende groepe koop artikels by winkels volgens handelsnaam en bekostigbaarheid. Baie vooraanstaande winkels verkoop artikels wat in China en Indië gemaak is, lande wat stereotipies met massaproduksie en swak gehalte geassosieer word. Hierdie artikels word gekoop omdat vooraanstaande winkels hulle produkte waarborg. Die naam van die ontwerper is nie belangrik nie maar die naam van die winkel word 'n handelsnaam. Sommige mense is van mening dat die produk meer betekenisvol is as die ontwerper terwyl andere glo dat as jy die ontwerper ken, jy gehalte koop. Sekere artikels word deur groepe aangekoop indien hulle die produk met 'n maatskappynaam of ontwerper kan assosieer. Voorbeelde is bykomstighede deur Vuitton; skoene deur Nike; klere deur Fox; daar is baie ander moontlikhede wat leerders van sal weet.

Verbruikers koop artikels by winkels sonder handelsname omdat hulle verseker word dat die item wat hulle aankoop, hoewel goedkoper, uitstekende gehalte is. Hulle word nie beïnvloed deur portuurgroepdruk of 'n behoefte om 'in' te wees nie. 2 (10)
Soms ondersteun hierdie kleinhadelswinkels produkte wat in SA gemaak is of ondersteun besighede wat menseregtewette respekteer.

3.2
Let wel: 'n Leerder kan enige voorbeeld uit 'n LTSM gebruik soos voorgeskryf in die LPG.

In die kandidaat se bespreking moet die volgende bespreek word om volle krediet te verseker:

- Identifiseer die ontwerper
- Name van die ontwerp/beskrywing van die ontwerpe.
- Kenmerkende styl van die ontwerpe.
- Invloede op die ontwerper se werk:
  Verduidelik hoe kultuur die ontwerp beïnvloed.
  Verduidelik hoe globale neigings die ontwerp beïnvloed het.

Voorbeeld: Carrol Boyes (uit die Woolworths Resource)
Boyes het 'n groot verskeidenheid leefstylprodukte wat wissel van messegoed, platware en tafelware tot 'n groot verskeidenheid geskenkitems. Haar handelsmerk in terme van die innoverende gebruik van materiaal is die samesmelting van piouter, aluminium en vlekvrye staal in kombinasie met leer en hout.

Carrol Boyes het 'n graad in kuns en het beeldhouwerk as haar hoofstudie. Sy het besef dat indien sy haar kuns toeganklik en bruikbaar wou maak vir die publiek sy dit moes kombineer met funksie, soos messegoed. In haar soeke na eksklusiwiteit en omdat sy verkies om met piouter te werk omdat dit smeebaar en baie veelsydig is, het sy haar talent in beeldhouwerk en haar kennis van metaalwerk gekombineer om unieke en eiesoortige piouterhandvatsels te skep wat steeds haar handelsmerk is.

Sy het 'n personeel van ongeveer 400 werkers en vervaardig meer as 45 000 items 'n maand. Die uitsonderlike aspek van haar werk is dat ten spyte van die volume van die werk wat deur haar fabriek gemaak word, daar steeds geen items is wat dieselfde lyk nie.

Haar bierbeker toon 'n funksionele voorwerp wat van piouter gemaak is. Die afwerking van die beker is baie glad. Die vorm is baie gestileerd en baie eenvoudig. Die gladheid van die vorm maak dit baie tasbaar. Die handvatsel is strategies gevorm om dit gemaklik te maak vir die bierdrinker om dit vas te hou. Oor die algemeen word bierbekers van glas of keramiek gemaak. Glas en keramiek is baie breekbaar. Hierdie innoverende bierbeker is baie duursaam alhoewel dit duur is. Die handvatselontwerp het sy sy eie verlede of is beïnvloed deur inheemse kuns, naamlik San-kuns. Alhoewel die figuur driedimensioneel is, is die invloede verkry uit tweedimensionele San-skilderye. (10)

**VRAAG 3 TOTAAL: [20]**

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming /Herroep Begrip | 30 | 3.2 | 5 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 3.1.2, 3.1.3, 3.2 | 2+4+5 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering/ Afleiding | 20 | 3.1.1, 3.1.2 | 2+2 |

**VRAAG 4 (30 punte)**
**Beantwoord beide 4.1 en 4.2**

**AS4: Ondersoek, dink na oor en interpreteer inligting uit 'n verskeidenheid bronne wat globale invloede wat die ontwikkeling van ontwerp vorm, toon.**
**AS5: Analiseer, interpreteer en dink kriries na oor voorbeelde en bring dit in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.**

**4.1 (20 punte)**
Let wel: 'n Leerder kan enige voorbeeld uit 'n LTSM gebruik soos voorgeskryf in die LPG.

Daar is geen enkele korrekte manier om 'n brosjure te skryf nie – die bedoeling is om te sien of die leerder tipiese ontwerpe wat ons Ontwerpidentiteite gevorm het, kan identifiseer.

Die ideaal sou wees:
- Die *name* van belangrike ontwerpers moet geken word.
- *Redes* vir die belangrikheid van hulle werk moet gegee word.
- Die *name* (krediet vir slegs twee voorbeelde uit elke styl) van die tipiese ontwerpe moet geken word.
  EN/OF 'n *kort identifiserende beskrywing* gegee.
- Die *stylnaam* moet gegee word, bv. Allen Jones se Kneeling Table is 'n Pop-ontwerp.
- Die brosjure moet probeer om die ontwerp polities en histories te *kontekstualiseer.* Geen krediet moet vir datums gegee word nie, maar kennis van die tydraamwerk sal tot voordeel wees. Kennis van kontekstuele kwessies is belangriker as die datum self d.i. wat is die historiese invloede of voorafgaande? (LPG: 14)
- Die kenmerke van elke styl moet bespreek word.
- Kandidate moet verduidelik hoe hierdie ontwerpe(rs) latere ontwikkelings beïnvloed het. Dit sal aanwys of leerders die ontwerpers se belangrikheid ind ie Ontwerp-konteks ge7valueer het.
- Die brosjure moet bewyse toon van die kandidaat se vermoë om die korrekte Ontwerp-terminologie te gebruik.
- Twee style moet bespreek word, verwys na een of meer voorbeelde uit elke styl @ 10 punte = 20 punte.
- Elke styl moet ten minste 1 bladsy lank wees..

**Stylvoorbeeld 1: Pop Ontwerp**

Bv. Ontwerp A: Allen Jones se Kneeling Table ☑ ☑

Hier sien ons die knielende figuur van 'n vrou wat in swart leer geklee is. (Beskrywing ☑)

'n Gekurfde organies gevormde glastafel rus op haar rug en vou om haar kop.☑

Haar houding is doelbewus seksueel aanloklik. ☑

Sy is van hoëteg-materiaal gemaak – veselgals wat in 'n vorm gegiet is. ☑

Egte leerklere kon gebruik gewees het. Hierdie gebruik van voorwerpe wat in die werklike lewe gevind kan word, was 'n invloed van Dada. ☑

'n Kenmerk van hierdie styl is dat die ontwerper die populêre kulruur van die tydperk gespot het – spesifiek die gebruik van eksplisiete seksualiteit in die reklamewêreld. ☑☑

Hierdie werk is belangrik want dit het die ontwerperswêreld op daardie tydstip geskok.☑ en het 'n opstand teen tradisionele gedragspatrone verteenwoordig. ☑ Speelse, dikwels ironies en uitlokkende vorms kon van sintetiese materiaal gemaak word. ☑ Alternatiewe lewensmodelle is ondersoek. ☑

Enige ander relevante punte.

En/Of

Ontwerp B: Die 'minromp' deur Mary Quant. 1966 ☑ ☑

'n Tipiese minirompie eindig slegs enkele sentimeter onder die broekielyn. (Kan geteken word). ☑

Dit is as uitlokkend beskou en het tradisionele waardes of fatsoenlikheid omvergegooi, wat in lyn was met hierdie kenmerk van Pop-ontwerp ☑

Die 60's se kultuur van 'flower power' was ook belangrik. 'Anti-establishment'/teenkultuur het in 'anti-ontwerp'/'anti-design' ontwikkel. 'Make love not war' was 'n gewilde reaktiewe standpunt op die oorlog in Viëtnam. Hierdie gevoel het van Amerika na Brittanje versprei.☑

Materiaal was dikwels helder gekleur (oranje, lemmetjiegroen en pers was baie gewild) ☑ en met gestileerde blomee bedruk. ☑

Dit was in skerp teenstelling met die elegansie van vorige 'goeie vorm' ('good form') en '*bel* ontwerp'. ☑

Enige ander relevante punte. 10

**Styl Voorbeeld 2: Art Nouveau Ontwerp**

Ontwerp A: Lalique se Dragonfly Brooch ☑ ☑

Hier sien ons 'n stuk juweliersware wat op 'n natuurlike lewende wese gebaseer is. ☑ – kromlynige organiese vorm. ☑ Dit is 'n kenmerk van Art Nouveau.

Hierdie stuk is gekleur (verskeie blou en groen ☑) emaljes op edelmetale asook edelstene. ☑ Die liggaam is die van 'n vrou/insek met naaldekokervlerke. ☑

Dit is baie hoogs dekoratief/ryklik versier. Dit is ook baie kenmerkend. ☑

Art Nouveau is aanvanklik beskou as 'n hervormingsbeweging teen oordadige versiering en duur artikels maar dit was ook net so duur in die gebruik van edelmetale. In hierdie opsig sou dit as 'n mislukking beskou kon word.

Enige ander relevante punte.

En/Of

Ontwerp B: Gaudi se <u>Church of the Holy Family;</u> Barcelona, Spanje. ☑ ☑
Hierdie gebou toon beide gekurfde organiese vorm (kenmerkend van AN) en die invloed van die swaar versierde Islamitiese Moorse verlede van Spanje ('n historiese verwysing). ☑☑

Dit is uitsondelik dinamies en lyk asof dit na die hemele opsweef op 'n soortgelyke wyse as die transendentale opheffing van Gotiese katedrale.☑ Gaudi het kleur op 'n juweelagtige wyse gebruik in die helder gekleurde mosaïeke wat die oppervlak bedek het. Hoogs dekoratief. ☑

Dit word as belangrik beskou omdat dit van die bekendste AN-geboue ind iewêreld is, en dit verskaf 'n verwysingspunt vir andere. ☑ Dit is egter ook redelik eienaardig (uniek) en is 'n huldeblyk aan die persoonlike genialiteit van die argitek. ☑

Enige ander relevante punte.

Ken 10 punte toe. 10
(20)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroep | 30 | 4.1 - opstel | 8 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 4.1 - opstel | 8 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | 4.1 - opstel | 4 |

**4.2**

4.2.1 Kandidate kan die konsep van 'minder is meer' bespreek/debatteer vanuit 'n Modernistiese perspektief en 'minder is vervelig' vanuit 'n Postmodernistiese perspektief. Hulle kan verkies om dit vanuit enige ander perspektief te bespreek op voorwaarde dat hulle redes geldig is.

‘Minder is meer’ vanuit 'n Modernistiese benadering vereis dat die ontwerp eenvoudig en suiwer in voorkoms moet wees, sonder enige versierings, ornamentering of dekorasie. Dit moet deur 'n masjienetiek geïnspireer wees waar die vorm die funksie volg. Voorwerpe moet gestroomlyn wees om die gees van die moderne tydvak vas te vang deur moderne masjienetiek in hulle ontwerp te vier.

Die Postmoderniste het hierdie benadering tot ontwerp en argitektuur as vervelig beskou – noem dit koud, afsydig, strak en rigied.

Die Moderniste se ontwerpbenadering in argitektuur het alles tot wiskundige geometrie en rasionaliteit beperk wat min of geen ruimte gelaat het vir ekspressiewe argitektuur. Postmoderniste het gevind dat die Moderniste ontwerpoplossings verskaf wat te los van die samelewing was d.i. hulle het nie die menslike gees in aanmerking geneem nie.

In reaksie hierop het die Postmoderniste 'n kruising van style (kombinasie) aangebied wat alles uit die verlede geïnkorporeer het – insluitende 'n bietjie Modernisme – om by 'n oplossing uit te kom 5
waarmee mense kon identifiseer. Hulle het idees by hulle plaaslike kulturele omgewing, uit ou kulture wat voorheen gemarginaliseer is, uit antieke Westerse kulture (Grieke en Romeine) geleen en dit geassimileer om wat ons Postmodernisme noem, te skep..

4.2.2 Leerders moet 'n bespreking formuleer oor hoe die gebruik van nuwe materiaal en tegnologie 'n impak op die 20ste eeuse globale ontwerp gehad het.
Let wel: 'n Leerder kan enige voorbeeld uit 'n LTSM gebruik soos voorgeskryf deur die LPG (bv. 'n webtuiste).

VOORBEELD:
Ontwerper = Cesare Columbo ☑ (vervaardig deur Kartell)
(1965) – '4867 stoel' ☑ (beskryf kortliks) ☑ - 'n plastiekstoel met silindriese hol pote wat opmekaar gestapel kan word. Dit word apart gemaak en dan vasgesit.
Die gat agter op die sitplek word benodig om die stoel van die gietvorm te kan verwyder. Materiaal - ABS plastiek ☑ (verduidelik kortliks– sien hieronder) ☑
Tegnologie – injeksie-/inspuitgevorm ☑ (verduidelik kortliks – sien hieronder☑

- Injeksievormwerk is 'n vervaardigingstegniek om dele te maak uit termoplastiese en termoverhardende plastiekmateriaal in vervaardiging. Gesmelte plastiek word teen hoë druk in 'n gietvorm ingespuit wat die inverse van die produk se vorm is. Injeksievormwerk is die algemeenste metode vir die produksie van plastiekontwerpe met algemene items soos bottelproppe en buitenshuise meubels.

- ABS is

- 'n Polimeer. Dit is 'n termoplastiese mengsel wat van petrochemikalieë (wat lei tot 'n uitputting van fossielbarndstowwe), gemaak word maar dit hersirkuleer word. Die voordeel van ABS is dat hierdie materiaal die krag en rigiditeit van polimere kombineer met die taaiheid van rubber. Die verbasendste meganiese eienskappe van ABS is weerstand en taaiheid. 'n Verskeidenheid modifikasies kan gemaak word om impakweerstand, taaiheid en hitteweerstand te verbeter. ABS is geskik vir buitenshuise toepassings.

Ken 5 punte toe. 5

http://www.designinsite.dk/htmsider/inspprod.htm

http://www.wikipedia.com

Of enige ander voorbeeld wat die leerder bestudeer het. (10)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming<br>Herroep<br>Begrip | 30 | Deel van 4.2.1 + 4.2.2 | 4 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | Deel van 4.2.1 + 4.2.2 + 4.2.3 (a) en )b) | 3 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | Deel van 4.2.1+ 4.2.2+4.2.3b | 3 |

**VRAAG 4 TOTAAL: [30]**

## VRAAG 5 (20 punte)

**AS7: Demonstreer 'n begrip van die wyses waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag.**

**5.1** Let wel: 'n Leerder kan enige voorbeeld uit 'n LTSM gebruik soos voorgeskryf deur die LPG.

- o In hierdie opstel moet die leerder 'n SA ontwerper of groep kies wat met ENIGE sosiale kwessie gemoeid is.
- o Van die voorbeelde van kwesssies is:
  Armoede, kapitalisme; geslagskwessies; gesondheid; sosiale onregverdigheid; rassisme en marginalisering; ens.
- o Voorbeelde van ontwerpers is:
  - MonkeyBiz – armoedeverligting & werkskepping
  - Mapula – armoedeverligting en werkskepping
  - Ander uit die Woolworths bronboek
- o Die leerder moet die werke deur hulle gekose ontwerpers bespreek.

Voorbeeld:
Mapula is begin om werk vir landelike vroue te skep. ☑
Dit is aanvanklik befonds deur 'n liefdadigheids-NRO maar nou befonds hulle hulleself. Dit staan as bemagtiging bekend.☑
Die vroue skep hulle eie ontwerpe gebaseer op natuurlike vorme soos blomme en bome☑ en verwys ook na hulle eie lewens – soos kinders in die landelike omgewing wat spell. ☑
Die vroue is aanvanklik die vaardigheid van oppervlakontwerp (2-D) en borduurtegnieke geleer. ☑ Hulle het nou baie nuwe ontwerpe. 'n Voorbeeld van een van die steke wat die meeste gebruik word, is kettingsteek. ☑
Hulle skep funksionele produkte sowel as kussingslope en tafellopers.☑ daar word ook enig-van-sy-soort-kunswerke geskep soos muurbehangsels. ☑
Hulle werk gewoonlik op swart katoendoek ☑, en helder gare beklemtoon die Afrika-identiteit van die werk. ☑ Oppervlakke word baie dig geborduur en die swart negatiewe ruimtes funksioneer as die agtergrond. ☑ Die katoen is omgewingsvriendelik en volhoubaar en is geredelik beskikbaar in SA. ☑
Gee krediet aan enige ander inligting.

Ken 10 punte toe. (10)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming<br>Herroep<br>Begrip | 30 | Deel van 5.1 | 3 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | Deel van 5.1 | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | Deel van 5.1 | 2 |

**5.2**

5.2.1 Die gebruik van toepaslike beelde, teks en ontwerpmotiewe het daartoe bygedra dat die boodskap aan die aanskouer oorgedra word. Die plakkaat teiken die jeug en die ontwerper het dus die volgende gebruik:

- Opwindende (koel, 'funky') manipulering van font – baie verskillende tipes beklemtoon verskeidenheid en verskille/andersheid. ☑
- Afbeeldings wat pret en die pret om te lewe beklemtoon. ☑
- Spelling van die teks lyk soos SMS-taal – ouderdomsgroepspesifiek, bv. U b = you be ☑
- Die ontwerpmotiewe gebruik druk ook jeugdigheid uit. Bv. dan, vloeiende hare = lewenskragtigheid ☑
- Erken enige ander punte. 4

5.2.2 Die bespreking en analise moet die volgende mbt die stelling uitlig:

- Die plakkaat het sosiale lewe verander aangesien die tieners wat aan die plakkaat blootgestel is, met die boodskap van 'lewenskragtigheid' geïdentifiseer het en bly lewe. ☑ Baie tieners beskou egter dit as valse propoganda en ignoreer dit. ☑ Sommige koppel nie die plakkaat en die MIV/Vigs-epidemie aan mekaar nie. Maw die verwysing is nie duidelik genoeg nie. ☑ Leerders kan ander punte noem. (Ken 2 punte toe.)

Een Gestalt-beginsel sou wees: Figuur/grond-verhouding – die wit figure teen die donker agtergrond van die dinamiese haar/organiese ontwerp. MAAR hierdie figure tree ook as agtergrond op vir die letters 'will U b'. Dit dui op 'n dinamiese wisselwerking tussen figuur en grond wat die lewenskragtigheid van die plakkaat verhoog. 2

Nog 'n Gestalt-beginsel sou wees wanneer ons sê dat die geheel (die gestalt) meer is as, en anders is as, die som van die dele.
Maw: *'n groot sirkel + twee kolletjies + 'n driehoek + 'n halfsirkel na onder gedraai* kom nie noodwendig uit op 'n *glimlaggende gesig* nie.
Die indruk van 'n glimlaggende gesig word spontaan gevorm uit die rangskikking en organisering van die elemente, en dit is hierdie oorhoofse indruk wat eerste gevorm word. Jy kan die elemente analiseer maar die analise self gee nie die oorfoofse indruk weer nie. 4

(10)

**VRAAG 5 TOTAAL:[20]**

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming<br>Herroep<br>Begrip | 30 | 5.2.1 + 5.2.2 | 3 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 5.2.1 + 5.2.2 | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | 5.2.2 | 2 |

**VRAAG 6 OMGEWING**

**Kies enige TWEE 10 punt-vrae. (20 punte)**

**AS8: Demonstreer 'n begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede in verhouding tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp.**

**6.1 (10 punte)**

Let wel: 'n Leerder kan enige voorbeeld uit die LTSM gebruik wat in die LPG voorgeskryf is.

- o Die ontwerper/projek/groep moet genoem word.
- o Voorbeelde van werk moet genoem word en kortliks deur leerders beskryf word.
- o Die omgewingskwessies moet ten volle verstaan word en ook die skakeling tussen die ontwerp en die kwessies wat verduidelik word.
- o 'n Een bladsy-opstel is die optimum.
- o Voorbeeld uit die Woolworths bron:

Voorbeeld:
Joseph Diliza ☑ werk in die Kaap. Hy maak notaboeke ☑ byvoorbeeld wat op natuurlike teksture steun ☑ vir hulle ontwerptrefkrag. Hy druk ook etniese ontwerpe op dit wat met hulle Afrika-oorsprong skakel. ☑

Hy maak lampskerms wat die natuurlike voorkoms wat so gewild in toeristetuistes is, komplementeer. ☑ Dit het ook die natuurlike growwe teksture en ongebleikte kleure van die oorspronklike plante. ☑
Hy neem plantgrondstowwe ☑ en kook dit om die vesel sag te maak. Hy teiken vreemdeplantindringers en help dus op hierdie wyse om dit onder beheer te hou. ☑. Al die plante wat hy gebruik is volhoubaar so natuurlike hulpbronne word nie uitgeput nie. ☑ Volhoubaarheid impliseer dat grondstowwe altyd beskikbaar sal wees sonder enige langtermyn nadelige invloed op die planeet. ☑
Hy gebruik ook herwinde papier ☑ en afvalkatoen ☑. Dit voorkom dat hierdie afvalprodukte opbou en waardevolle stortingsgebiede plek opneem. ☑

Enige ander relevante punte.

Ken 10 punte toe. (10)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroep | 30 | 6.1 - opstel | 3 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 6.1 - opstel | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | 6.1 - opstel | 2 |

**6.2**

6.2.1 Globale verwarming het bygedra tot die behoefte om die omgewing te bewaar en om ontwerpe te skep wat volhoubaar is en minimaal op die omgewing 'n impak maak. Die onlangse energiekrisis in SA het ook die behoefte om energie te bewaar, uitgelig. Die belangrikheid daarvan om omgewingsvriendelike ontwerpe te skep is belangrik vir die oorlewing van die mens en ook ander spesies op aarde. 2

6.2.2 Die gebruik van sonpanele, herwinbare materiaal, fotovoltaïese panele vir beligting, eko-veselprodukte vir plafonne en gas eerder as elektrisiteit 3

6.2.3 Let wel: 'n Leerder kan enige voorbeeld uit 'n LTSM gebruik soos in die LPG voorgeskryf.

Die leerder kan na enige internasionale ontwerper soos voorgeskryf in die LPG verwys.
Die bespreking moet die volgende mbt die stelling uitlig:

- Naam van die ontwerper en titel van die ontwerp Herroep = 2 punte
- Kort kenmerke van die ontwerp. Toepassing = 2 punte
- Die bekommernisse van omgewingskwessies is bespreek. Toepassing= 1 punt
- Die benodigdhede wat verwant is aan die vraag is geïdentifiseer.
- Die bespreking is duidelik en gefokus op die vereistes. Sintese = 1 punt
- Die inhoudskeuse is relevant tot die stelling.
- Vraag-verwante inligting is gebruik om die stelling staaf.
- Bewyse is gebruik om die stelling te ondersteun en uit te lig.

Voorbeeld (uit *Design Culture Now*):
Boris Bally ☑
Bally is as 'n metaalsmid opgelei en kombineer nou industriële voorwerpe soos padtekens wat gevind is ☑ met elegante vakmanskap om nuwe 'verbeterde'/reclaimed' ontwerpe te skep wat as bakke dien. ☑. Hy gebruik 'n basterbenadering wat tradisionele metaalwerkvakmanskap en kontemporêre denke oor die omgewing saamvoeg. ☑ Hierdie voorwerpe sou normaalweg weggegooi word, of miskien hersirkuleer word, en daarom sou hul historiese oorsprong verlore gaan. ☑. In hierdie opsig het Bally ook historiese artefakte 'herroep' en dit 'n nuwe kontemporêre lewe gegee. ☑
Bally het die outoritêre aard van padtekens verander in iets lighartig. ☑ Hy gebruik nie die hele teken nie, maar maak dit versigtig kleiner sodat dit oorspronklike identiteit verloor. ☑
Enige ander punte. 5

Ken 5 punte toe.

(10)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/Herroep/Begrip | 30 | 6.2.1 + 6.2.3 | 3 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 6.2.2 + 6.2.3 | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | 6.2.3 | 2 |

**6.3**

6.3.1 Van die moontlikhede is:
Lugbesoedeling deur rookuitlatings, besoedeling van riviere met chemiese afloop; CFC-vrylatings; gevaarlike afval; te veel afval, ens. 3

6.3.2 Van die moontlikhede is: 2
Moedig die ontwerp van brandstofdoeltreffende voertuie aan; borg onderwysprogramme, ens.

6.3.3 'n Leerder kan enige SA voorbeeld ut die LTSM'e in die LPG gebruik. 5
Die leerder moet:
- o Die ontwerper noem
- o Kennis toon van die ontwerper se werke
- o Kennis van EEN werk op omgewingskwessies toepas

Example: KEAG - Kommetjie Environmental Action Group
Afvalmateriaal word op strande gehaal, bv. plastieksakkies en bottels en verander in omgewingskuns en eenmalige beeldhouwerke. Hierdie gemeenskapsprogram was tot voordeel va die omgewing en die agtergeblewenes van Kommetjie. Die strande is altyd skoon. Dit moedig mense aan om die strande te besoek wat weer 'n inkomste besorg aan informele handelaars. Plastiek vernietig die seelewe en die verwydering van plastiek bring mee dat herstel volledig plaasvind. Hierdie program is ook voordelig vir vakmanne aangesien hulle 'n inkomste verdien uit die maak van kuns uit afvalprodukte. Dit skep ook bewustheid in die gemeenskap oor die beskerming van die omgewing op 'n baie positiewe wyse. Kunsliefhebbers word ook aangetrek na Kommetjie agv die kreatiwiteit betrokke by die skep van afvalmateriaal in kuns. Hierdie program kan ook na ander projekte en skole in die area lei mbt bewaring. (10)

**[20]**

**VRAAG 6 TOTAAL:**

| **V1.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGSTOEKENNING %** | **VRAAG** | **PUNTE** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/Herroep/Begrip | 30 | 6.3.1 + 6.3.3 | 3 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 6.3.2 + 6.3.3 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | 6.3.1; 6.3.2; 6.3.3 | 3 |

**QUESTION 7 (30 punte) Beantwoord ôf 7.1 ôf 7.2.**

**AS 9: Demonstreer 'n basiese begrip van bemarkingsprodukte itv teikenmark, verpakking en reklame.**
**AS10: Demonstreer 'n begrip van verantwoordelike ontwerp deur menseregte en omgewingskwessies deurgaans in aanmerking te neem.**
**AS11: Ondersoek loopbaangeleenthede in die ontwerpdissipline.**

**7.1 Besigheid**
Dit is slegs 'n voorbeeld. Die antwoord mag nie in 'n eksamensituasie herhaal word nie.

**Jou redes waarom jy 'n ontwerper wil word.** LAER
Ek is baie kreatief. Ek hou daarvan om ontwerpe vir T-hemde vir my vriende en gesin te maak. Ek hou van teken en grafitti. My vader is 'n kunstenaar en ek het sy talent geërf. Mense in my gemeenskap vra my altyd om plakkate en agtergrond vir hulle kulturele vertonings te skilder. Ek is baie krities oor ander mense se ontwerpe. Ek daarvan om dit te verbeter. Ek is altyd voor my rekenaar vasgenael besig om wonderlike ontwerpe te produseer.

**Jou planne vir die toekoms, geen 'n voorbeeld van EEN moontlike sakeplan.**
LAER & MIDDEL
Ek beplan om 'n winkel oop te maak wat die gemeenskap bedien met alle aspekte mbt ontwerp, van fotokopiëring, drukwerk, vinielontwerpe, plakkate, ens. Dit moet 'n alles-in-een-winkel wees.
Kunswerk: Ontwerp vir korporatiewe organisasies. Ontwerp vir individue wat hulle eie besighede wil begin.
Drukwerkwinkel: Druk enigiets wat klant wil hê, van T-hemde tot plakkate.
Enkel produkte in teenstelling met meervoudige produksies.
Laminering: Prente en ander items deur klante.
Fotografie: digitale fotografie
Tekens en baniere: grafiese tekens en baniere uit verpersoonlikte items soos verjaarsdagbaniere en baniere vir korporatiewe oragnisasies.
Kleurfotokopiëring: diens gelewer om klante te lok.
Webbladsyontwerp vir klante en verskaf tuistes vir hulle om te bedryf.

**Jou gedagtes en strategieë mbt bemarking, insluitende reklame en internetmoontlikhede** HOËR
Na my formele opleiding beplan ek om 'n klein lening by die kleinsakeonderneming aan te gaan wat 'n staatgeborgde inisiatief is wat jong sakemanne bevorder. Ek wil 'n digitale drukker uit my spaargeld koop en gedeeltelik van die staatslening. Ek sal vir eers van die huis af werk. Sodra ek myself gevestig het, sal ek kyk na 'n perseel in 'n besige winkelsentrum. Die winkelsentrum moet nie nog 'n winkel soos myne hê nie. Ek wil nie met iemand anders met dieselfde besigheid kompeteer nie. My ander opsie is om 'n franchise te koop en onder 'n franchise te besigheid te doen.

**Studiemoontlikhede wat jy ondersoek het by hulle instituut; by ander formele institute en ander formele kursusse wat beskikbaar is.** MIDDEL
'n Lys van tersiêre inrigtings kan hier geplaas word, asook ander werkswinkels. Dit sal van provinsie tot provinsie verskil. Daar moet bewyse wees dat die leerder hierdie navorsing geoden het. Voorbeelde: Durban Universiteit van Tegnologie; Universiteit van Tshwane; Universiteit van Johannesburg; Vega; Universiteit van Kaapstad; ens.
Grade kan Baccalareus in tegnologie in Grafiese Ontwerp insluit, bv.

Wanneer ek in Grafiese Ontwerp gegradueer het moet ek vaardig wees in die volgende programme::

- o Adobe Photoshop
- o Corel draw
- o Freehand
- o Web page designing

**Die wyse waarop jy in die toekoms vir 'n werk kan aansoek doen:** MIDDEL
Ek sou 'n portefeulje en 'n CV hê aan die einde van my opleiding. Ek sou dit na verskeie maatskappye stuur met 'n dekbrief. Ek kan gevra word om op 'n proefbasuis vir 'n maatskappy te werk wat belang stel om my aan te stel.
Ek sou graag 'n paar jaar in die kororatiewe sektor wou werk om ervaring op te doen en dan my eie ontwerpwinkel oop maak. (30)

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING % | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/Herroep/Begrip | 33 | 7.1 - opstel | 10 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 7.1 - opstel | 15 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 17 | 7.1 - opstel | 5 |

OF

**7.2 Kortvrae**

7.2.1 Leerders moet 'n goeie argument relevant tot die vraag aanbied. Leerders moet bewyse van uitbuiting verskaf.
Voorbeeld van saamstem:

- Tradisionele ontwerpshandwerkmense word dikwels baie min betaal in vergelyking met die pryse van hulle produkte wat verkoop word.
- Ontwerpers in die korporatiewe sektor word ook uitgebuit deur ontwerpfirmas wanneer die firmas nie erkenning aan die ontwerper gee nie.
- Basiese kopieregskending affekteer alle ontweropers..
- Grondstowwe (bv.. glaskrale en telefoondraad) wat nie in verafgeleë gebiede beskikbaar is nie, word dikwels aan handwerkers teen baie hoë pryse verkoop aangesien die mense dit nie op 'n ander wyse in die hande kan kry nie. 4
- Enige ander punte.
- Ken 4 punte vir 4 punte toe.Voorbeedl van nie saamstem nie:
- Kleinhandelaars het baie hoë bokoste (bv. BTW, huur en salarisse) en moet dit dek. Tradisionele ontwerpers verstaan dikwels nie hierdie koste nie.
- Vervoerkoste os hoog om produkte na dorpe van die landelike areas te kry. Dikwels moet die kleinhandelaar hierdie koste dra.
- Met bogenoemde in gedagte, moet die kleinhandelaar dikwels 'n 100%-winsopslag doen om kop bo water te hou.
- Dit versleg verder as daar tussengangers betrokke is. Hierdie tussengangers vat ook kommissie wat so hoog soos 30% kan wees.
- Die oplossing vir 'n ontwerper is om direk by sy/haar eie bemarking betrokke te wees.

- Enige ander punte.
- Ken 4 punte vir 4 punte toe.

7.2.2 Die bespreking moet duidelik en op die vereistes gefokus wees. 4

Die leerder moet die loopbaangeleenthede identifiseer en bespreek. Die bespreking moet duidelik en op die vereistes gefokus wees.
Bv. Modeontwerper; binnenshuise versiering; reklame; televisie; animasie; tekstielontwerpers; bemarking; handelsmerke; kommunikasiespesialis; ens.
Grafiese ontwerper:

- Keuse van leeraraes op skool sal die vakke waarin jy beplan om by 'n tersiêre inrigting te spesialiseer, bepaal.
- Wanneer sy/haar studies voltooi is, moet die student sy/haar CV aan ontwerpmaatskappye voorlê of hulle eie ontwerpstudio te begin. Die laasgenoemde hang af van kapitaal om hulle besigheid te begin.
- Korporatiewe maatskappye adverteer vir grafiese ontwerpers in koerante en op die web. Studente moet op hierdie tuistes ingaan en vir die werk aansoek doen.
- Doen ondervinding op indie korporatiewe wêreld voordat jy jou eie besigheid begin. Dit is altyd wyser as om onmiddellik na jou studies met jou eie studio te begin.
- Die adverteer van wat jy aan klante kan bied is baie belangrik.
- Gehalte dienslewering sal help om jou besigheid te vestig.
- Ken 4 punte toe.
- Ander antwoorde moet gekrediteer word.

7.2.3 Die besigheidsplan moet die volgende hoofareas uitlig:

- Skryf jou baisese sakekonsep uit. Gee die spesifikasies van jou besigheid. 'n 'Wat, waar, waarom, hoe?'-benadering kan nuttig wees. 12
  Voorbeeld:
  Wat? = 'n Juweleontwerp- en vervaardigingstudio
  Waar? = in 'n gebou op 'n plaas
  Waarom? = miskien 'n behoefte daaraan om van die huis af te werk – te ver om dorp toe te ry elke dag? Hoe? = om vereiste toerusting te koop en assistent op te lei.

- Maak jou plan meeslepend sodat dit jou insig en fokus sal gee. Wanneer jy dit uitskryf moet sekere swak punte duidelik word en dit kan dadelik hanteer word.

- Identifiseer 'n teikenmark, bv. Jy gaan kralehalssnoere maak in kontemporêre kleure en ontwerpe en dit sal silwer inkorporeer. Dit betekn jou teikenmark sal welgesteldes wees eerder as soewenierhandel. Jy sal jou produkte in boetieks moet laat plaas om te verhandel.

- Produkverpakking: Jy wil jou produkte verkoop. Aanbieding van 'n produk, d.i. die wyse waarop dit verpak is (kwaliteit) sal die bemarkbaarheid daarvan bepaal. Swak verpakking sal nie die meeste teikenmarkte haal nie. Innoverende, hoë kwaliteit verpakking sal die aandag van die verbruiker trek. Leerders moet ook die verpakking oorweeg mbt die produk. Juweleirsware moet sigbaar wees en ook maklik verwyder kan word om aan te pas.

- Reklame: Strategieë wat gebruik kan word in direkte verband metd ie produk. Skenk oorweging aan die reklamestyl mbt die produk. Oorweeg 'n unieke vertoonkas – verkooppunt. Oorweeg klein kaartjies wat aankopers kan uitdeel.
- Bemarkingsmetodes: Direkte bemarking: ('n Webtuiste met posbestellings) en indirekte benaderings (boetieks).
- Enige ander punte
- Ken 12 punte toe.

7.2.4 Dit is hoogs debatteerbaar. Sommige ontwerpers glo dat hulle kunstenaars is en dan is daar dié wat glo dat daar 'n verskil is tussen 'n ontwerper en 'n kunstenaar. Kandidate moet volle krediet gegee word indien hulle die kwessie debatteer solank hulle hulle argumente kan ondersteun.

| **Ontwerper** | **Kunstenaar** |
|---|---|
| Werk gewoonlik vanaf 'n opdrag en moet aan die klant se vereistes voldoen. | Persoonlike keuse van die kunstenaar |
| Ontwerper maak funksionele voorwerpe. | Werk gebruik vir vertonings. |
| Kan vir massaproduksie gebruik word. | Gewoonlik word een item gemaak. Geen duplisering. |
| Dit het 'n sakedoelwit. | Dit kan of nie 'n sakedoelwit hê. 'Recreational 'Sunday' artists.' |
| Oorspronklike ontwerp kan verkoop word en die produk kan onder 'n ander handelsnaam bemark word. | Kan of nie 'n klant hê. Kunstenaar kan nie sy/haar werk kompromitteer nie. |
| Bemarking, identiteit en handelsmerk is belangrik. | Bemarking, identeit en handelsmerk is opsioneel. |
| Voorwerpe word deur doel aangedryf en daarom vir 'n doel gemaak. | Interpretasie sal afhang van die aanskouer. |
| Moet plan hê en daarnatoe werk. | Werk hoef nie noodwendig aan 'n plan te voldoen nie, dit kan na die kunstenaar se intuïsie verander word. |
| Sosiale, omgewings- en sielkundige aspekte moet oorweeg wod. | Individualisties. Hang in totaal af van kunstenaar se beskouing van die wêreld. |
| Sosiale dryfkrag. Mense-gesentreerd betrokke by probleemoplossing. | Hang af kunstenaar se konteks. |

10
(30)

**[30]**

**TOTAAL VRAAG 7:**

| V1.1<br>VLAK | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING<br>% | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/Herroep/Begrip | 30 | 7.2.2 + 7.2.3 + 7.2.4 | 9 |
| Middel orde | Toepassing | 50 | 7.2.1 + 7.2.3 + 7.2.4 | 15 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20 | 7.2.2 + 7.2.3 + 7.2.4 | 6 |

**TOTAAL: 150 PUNTE**

| VRAE | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | VLAK | GEWIGSTOEKENNING % | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Waarneming Visueel Begrip | Laer orde | 30% | 3 |
| 1.1.2 | Toepassing van elemente | Middel orde | 50% | 5 |
| 1.1.3 | Analise Sintese Evaluering | Hoër orde | 20% | 2 |
| 1.2 | Waarneming Begrip | Laer orde | 30% | 3 |
| | Toepassing | Middel orde | 50% | 5 |
| | Analise Sintese Evaluering/ Afleiding | Hoër orde | 20% | 2 |
| 2.1.1 | Waarneming/Herroep Begrip | Laer orde | 30% | 4 |
| 2.1.2 + sommige 2.2 | Toepassing | Middel orde | 50% | 2 + 2 |
| 2.2 | Analise Sintese Evaluering/ Afleiding | Hoër orde | 20% | 2 |
| 3.2 | Herroep/Kennis Begrip | Laer orde | 30 | 5 |
| 3.1.2, 3.1.3, 3.2 | Toepassing | Middel orde | 50 | 2+ 4 +5 |
| 3.1.1, 3.1.2 | Analise Sintese Evaluering | Hoër orde | 20 | 2+ 2 |
| 4.1 - essay | Herroep | Laer orde | 30% | 8 |
| | Toepassing | Middel orde | 50% | 8 |
| | Analise Sintese Evaluering | Hoër orde | 20% | 4 |
| Part of 4.2.1+ 4.2.2 | Waarneming/Herroep Begrip | Laer orde | 40% | 4 |
| Part of 4.2.1+ 4.2.2 | Toepassing | Middel orde | 30% | 3 |
| Part of 4.2.1+ 4.2.2 | Analise Sintese Evaluering | Hoër orde | 30% | 3 |
| Part of 5.1 | Waarneming/Herroep Begrip | Laer orde | 30% | 3 |
| | Toepassing | Middel orde | 50% | 5 |
| | Analise Sintese Evaluering | Hoër orde | 20% | 2 |

**Ontleding van Gr 12 modelvraestel (Ontwerp)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.2.1 + 5.2.2 | Waarneming/Herroep<br>Begrip | Laer orde | 30% | 3 |
| 5.2.1 + 5.2.2 | Toepassing | Middel orde | 50% | 5 |
| 5.2.2 | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | Hoër orde | 20% | 2 |
| 6.1 - essay | Herroep | Laer orde | 30% | 3 |
| | Toepassing | Middel orde | 50% | 5 |
| | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | Hoër orde | 20% | 2 |
| 6.2.1 + 6.2.3 | Waarneming/Herroep<br>Begrip | Laer orde | 30% | 3 |
| 6.2.2 + 6.2.3 | Toepassing | Middel orde | 50% | 5 |
| 6.2.3 | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | Hoër orde | 20% | 2 |
| 6.3.1; 6.3.3 | Herroep/Kennis<br>Begrip | Laer orde | 30% | 3 |
| 6.3.2; 6.3.3 | Toepassing | Middel orde | 40% | 4 |
| 6.3.1.; 6.3.2; 6.3.3. | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | Hoër orde | 30% | 3 |
| 7.1 - essay | Herroep/Kennis<br>Begrip | Laer orde | 30% | 10 |
| | Toepassing | Middel orde | 50% | 15 |
| | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | Hoër order | 20% | 5 |
| 7.2.2 + 7.2.3+7.2.4 | Waarneming/Herroep<br>Begrip | Laer orde | 33% | 10 |
| 7.2.1 + 7.2.3 + 7.2.4 | Toepassing | Middel orde | 50% | 15 |
| 7.2.2 + 7.2.3 + 7.2.4 | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | Hoër orde | 17% | 5 |

Kopiereg voorbehou 